



Sojaboonverbouing onder die loep

GERHARD ENGELBRECHT, Klein Karoo Saad Bemarking

Sojaboonaanplantings het daadwerklik gestyg as 'n uitstekende wisselbougewas asook 'n baie meer winsgewende een. Sojaboonhektare (620 300 ha in 2015) het met 23,34% toegeneem teenoor verlede jaar, terwyl die gemiddelde opbrengs (ongeveer 1,6 ton/ha) nie baie toegeneem het nie. Daar is nog nie baie Suid-Afrikaanse navorsing om die beste verbouingspraktyke uit te wys nie. Ons wil egter graag in hierdie artikel 'n literatuurstudie oor wêreldnavorsing met produsente deel.

Kies die regte plantpopulasie

Hierdie is sekerlik een van die belangrikste praktykkomponente. Sojabone presteer die beste teen die regte stand. Daarom is dit goed om te plant met gehalte saad; met 'n versekerde ontkiemingspersentasie is die populasie-mikpunt makliker haalbaar. Ons vind dat 'n nouer rywydte (tot op 45 cm) 'n opbrengsverhoging sal gee, maar nouer as 45 cm gee geen verhoging nie.

Mikro-elemente

Sojabone is 'n goeie verbruiker van residuele voedingstowwe in die grond. Daar is 'n hele klomp mikro-elemente wat belangrik is vir sojabone, waarvan twee uiters belangrik is:

Molibdeen

Molibdeen (Mo) is veral belangrik met die vorming en werking van nodules. Hierdie nodules bind die stikstof vir die plant en begin dit beskikbaar stel wanneer die plant begin blom. Sojabone moet met

die regte entstof behandel word vir die beste nodulasie. Molibdeen is ook belangrik vir blomvorming en blomgesondheid.

Mangaan

Mangaan (Mn) is belangrik vir die plant se metaboliese proses soos om glifosaat vinniger af te breek. Verbeterde metaboliese proses verminder stres op die plant en sal 'n beter opbrengs verseker.


Wanneer om glifosaat te spuit

Daar is verskeie studies wat die ideale toedieningstyd uitwys. Spuit klaar voor die sojabone blom. Toediening tydens R1- en R2-stadium is die sensitiefste. Dit is wanneer die plant in volle blom is. Daar kan glifosaat weer gespuit word met 'n kleiner benadeling van opbrengs. Alhoewel hierdie nie ideaal is nie, moet dit opgeweeg word teen die kompetisie van die onkruid.

K2 Saad het 'n volledige sojaboonpakket beskikbaar:

- NS 5009: Vinnig, uitstekend in koeler gebiede.
- NS 5909 en NS 6448: Medium, uitstekend in koeler en warm gebiede.
- NS 7211: Mediumlaai, uitstekend in warmer gebiede.

Voordat enige addisionele praktyk, soos blaarbespuitings, toegepas word, moet winsgewendheid bepaal word en nie opbrengsverhoging nie. ■



Geel Mielie

KKS 8326 B* • KKS 4270 B
KKS 8214 R • KKS 8216 BR
KKS 4410 • KKS 4412 B • KKS 4474 R
KKS 4520 • KKS 4522 B • KKS 8408 R
KKS 8410 BR

Wit Mielie

KKS 8301 • KKS 4555 • KKS 4577 B
KKS 4479 R • KKS 4581 BR

Soja

NS 5009* • NS 5909* • NS 6448 • NS 7211

Verdien groter
AgriBor
punte
eksklusief
verkrygbaar
vanaf
K2 SAA



DIE ALLES-IN-EEN SAAD VERSKAFFER